30 dae-leesplan vir die oppassers van die skepping

Dag 1 Genesis 1:1-2:3
Dag 2 Genesis 8:1-9:17
Dag 3 Eksodus 20:8-11, Levitikus 23:3; Deuteronomium 8:10-20; 22:6-7
Dag 4 Job 9:4-10; 12:7-10; 26:5-14
Dag 5 Job 38:4 – 40:2
Dag 6 Psalm 8
Dag 7 Psalm 19:1-6
Dag 8 Psalm 24:1-2; 33:5-9
Dag 9 Psalm 65:5-13
Dag 10 Psalm 74:12-17; 90:1-2
Dag 11 Psalm 89:9-13; 95:3-5
Dag 12 Psalm 96; 97
Dag 13 Psalm 102:25-27; 119:89-91
Dag 14 Psalm 104
Dag 15 Psalm 136:1-9
Dag 16 Psalm 148
Dag 17 Spreuke 3:19-20; 8:22-31; 12:10-11; 30:2-4
Dag 18 Prediker 3:1-11; 11:1-6; 12:1-14
Dag 19 Hooglied 2:1-13
Dag 20 Jesaja 32:9-20; 35:1-10; 40:10-12, 18-31
Dag 21 Jesaja 45, 48:12-13; 65:17-66:2
Dag 22 Jeremia 5:22; 10:11-16; 32-33; 51:15-16
Dag 23 Esegiël 33:1-29; 47:1-12; Daniël 7:13-14, 27
Dag 24 Hosea 4:1-3, 6; 9:1-3; Amos 4; 9:5-6, 13-15; Sagaria 8:9-17
Dag 25 Mattheus 6:25-34; Markus 4:1-20, 30-32
Dag 26 Johannes 1:1-3; Kolossense 1:15-23
Dag 27 Handelinge 17:24-28; Romeine 1:18-20; 1 Korinthiërs 8:1-8
Dag 28 Hebreërs 1; 3:4; 11:1-3
Dag 29 2 Petrus 3:10-15; 1 Johannes 2:24-25; Openbaring 4:11
Dag 30 Openbaring 21:1-22:5

Tel: 021 975 6370
Faks: 021 976 7109
E-pos: ontvangs@durbanvillegemeente.co.za
Web: www.durbanvillegemeente.co.za

durbanville gemeente

Dissipels van Jesus, saam in diens van God se nuwe wêreld

30 DAE OP PAD NA ’N LEWE VAN OORVLOED

Laat ruimhartigheid in die lewens van God se volk vry

Die Woord van God is ’n geskenk waarin die verhaal van God se groot ruimhartigheid ontvou. Reg van die begin van Genesis tot aan die einde van Openbaring is die hele Woord in hierdie tema gegrond en in die evangelie self gesentreer. Soos die bekende Bybelvers lui: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê”.

Met hierdie leesplan wil ons jou aanmoedig om die Bybelse boodskap van ruimhartigheid deeglik te bestudeer. Dit is hier waar ons die goeie nuus ontdek dat God ons nie net gemaak het om ontvangers van sy genade te wees nie maar ons ook nooi om aan sy goddelike ruimhartigheidsbeweging deel te neem.

- Generous Giving

Generous Giving is ’n privaat gefinansierde bediening wat gewers wil aanmoedig om die vreugde van gee te ervaar en ’n leefstyl van ruimhartigheid aan te neem, volgens God se Woord en Christus se voorbeeld. Ons bied ’n verskeidenheid praktiese metodes om gewers aan te moedig en hulle toe te rus om die boodskap van Bybelse ruimhartigheid met hul gesinne, vriende, sakegenote, kerk en gemeenskap te deel. By hierdie praktiese meganismes is ingesluit Generous Giving se *Stewardship Bible Study Notes* wat regdeur die ryk inhoud van die NIV Stewardship Bible geweef is. Nog bronne en inligting is beskikbaar op ons webwerf by www.generousgiving.org.

30 DAE NA ’N LEWE VAN OORVLOED

Pentateug

Dag 1 Genesis 1:26-31; 9:1-3;12:1-3; 15:1-21; 22:1-19
Dag 2 Exodus 3:1-9, 21 – 22; 10:24-26; 13:1-16; 22:25-27; 23:15; 25:1-8
Dag 3 Levitikus 1 - 4
Dag 4 Levitikus 5 – 7
Dag 5 Levitikus 19:9-10; 25:8-50; 27:1-34
Dag 6 Numeri 7:1-89; 18:8-32;26:52 – 56; 27:1-11
Dag 7 Deuteronomium 1:1-8; 6:10-12; 7:6; 8:1-20; 10:17-19; 12:4-7; 14:22-29
Dag 8 Deuteronomium 15:1-18; 17:16-17; 23:19-20, 24-25; 25:13-16; 26:1-19

Historiese boeke

Dag 9 Josua 24:1-18; 1 Samuel 25:1-43
Dag 10 2 Samuel 9:1-13; 24:18-25; 1 Kronieke 29:1-22; Esra 2:68-69; 3:1-9; 6:16-18
Dag 11 Nehemia 5:6-19; 7:70-72; 8:10; 9:1-37; Ester 9:18-22

Poësie en boeke van wysheid

Dag 12 Psalm 14:6; 16:5-6; 24:1-2; 37:21, 25-26; 34:1-22; 35:10; 50:7-15
Dag 13 Psalm 68:4-10, 18; 72:1-19; 82:1-8; 86:1; 112:1-10; 113:1-9; 140:12
Dag 14 Spreuke 11:4, 24-26, 28; 14:31; 15:8; 15:25; 18:10-11; 19:17; 21:13; 22:9; 23:4-5; 25:21; 28:27; 29:7; 30:7-9; 31:9; 31:20
Dag 15 Prediker 2:24-26; 4:1-4; 4:7-8; 5:8-19; 11:1-2

Profetiese boeke

Dag 16 Jesaja 53:12; 55:1-2; 58:1-14; 61:1-11
Dag 17 Jeremia 9:23-24; 20:13; 22:13-17; 29:4-7; Esegiël 16:49; 18:5-9; Hosea 6:6
Dag 18 Joël 2:18-32; Amos 5:11; 6:1-7; Mika 6:6-8; Habakuk 3:17-19; Haggai 2:8; Sagaria 7:8-10; Maleagi 3:6-12

Die Evangelies en Handelinge

Dag 19 Mattheus 6:1-4; 19-24; 13:44-45; 14:13-21; 15:29-39; 18:21-35; 19:16-30; 25:31-46; 26:6-13; 27:50
Dag 20 Markus 8:34-38; 10:17-31; 10:46-52; 12:41-44
Dag 21 Lukas 1:46-55; 3:8-14; 4:18-19; 6:20-36; 10:25-37; 12:13-34; 14:12-14, 25-27; 19:1-9
Dag 22 Johannes 3:16-17; 19:30; Handelinge 2:44-45; 4:32-37; 5:1-10; 6:1-7; 11:27-30; 20:32-35

Die Sendbriewe en Openbaring

Dag 23 Romeine 5:15-17; 8:17; 8:31-32; 12:1, 6-8, 13, 20; 15:25-29
Dag 24 2 Korinthiërs 8 – 9
Dag 25 Galasiërs 2:10; Efesiërs 4:1-12, 28
Dag 26 Filippense 2:1-11; 4:10-20; 1 Tessalonisense 2:8-9
Dag 27 1 Timoteus 1:14; 5:3-16; 6:3-9; 17-19; Titus 3:13-14
Dag 28 Hebreërs 7:1-10; 10:1-18; 32-26; 11:17-19, 25-26; 13:5-6, 15-16
Dag 29 Jakobus 1:27; 2:1-26; 5:1-6
Dag 30 1 Petrus 1:3-9; 1:18-21; 5:1-4; 1 Johannes 3:16-18; Openbaring 2:8-11; 3:14-22; 21:1-7

Die skepping in sy grootsheid

“In die begin het God ... geskep” – met hierdie woorde word ons in God se geskrewe Woord ingelei. Elke aspek van die lewe het inderwaarheid sy ontstaan aan hierdie einste woorde te danke. Deur hierdie eenvoudige, elegante woorde demonstreer God, die Maker van hemel en aarde, sy regmatige aanspraak op dié wat hy geskep het. Deur sy Woord herinner God ons voortdurend daaraan hý alleen die aktehouer is van die manjefieke heelal wat deur sý woorde ontstaan het – ’n soewereine reg wat hy nog nooit en ook nooit sal opgee nie. Volgens die Woord is God se heerskappy en eienaarskap van sy skepping in die natuur self sigbaar. “Van die skepping van die wêreld af kan ’n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat ’n mens nie met die oog kan sien nie” – Romeine 1:20.

Dink ’n bietjie daaraan dat die einste God wat die aarde in ’n wentelbaan geplaas het en jou in die baarmoeder laat ontwikkel het, jou met die verantwoordelikheid vertrou om sy ingewikkelde skepping te bestuur. Jy is meer as ’n blote stofdeeltjie in hierdie reuseskepping. Jy is ’n “heerser”, ’n toesighouer, ’n vertroude bestuurder van alles wat God gemaak het. En jy is met “aansien en eer gekroon” (Psalm 8:5-6) in hierdie goddelike aanstelling. Mense – geskape na sy goddelike beeld – is die enigste skepsels wat God met die mandaat en die vermoë vertrou het om die skepping se potensiaal vry te stel en in te span (sien Genesis 1:26-29).

In die Woord lees ons oor God se ontwerp vir die versorging van plant- en dierelewe, en oor die uitoefening van verantwoordelike heerskappy oor die aarde se natuurlike hulpbronne. Hier kry ons eerstehandse kennis van God se mag, goedheid en prag wat aan almal beskikbaar gestel is deur sy handewerk in die skepping. Ons lees tydlose poësie wat die skepping se grootsheid vier en ons ons aan die nimmereindigende wysheid van sy Maker laat verwonder. Ons leer oor God se verwagtinge oor die gepaste gebruik en versorging van alles wat hy geskep het. Ons lees oor God se ernstige waarskuwings dat ons nie die skepping bo sy Skepper moet verhef nieen nie sy opdragte om verantwoordelik na die Tuin om te sien, moet ignoreer nie (sien Genesis 2:15).

Met die Woord in die hand en ’n gevoel van verwondering oor God se glansrykheid, nooi ons jou om God se Woord oor ’n tydperk van 30 dae te verken. Ons bid dat die skepping se grootsheid jou nader aan jou Skepper sal bring en jou opnuut bewus sal maak van die voorreg wat jy het om as die oppasser daarvan waar te neem.